Uit die Hoof se pen

MNR JOHAN BREET

Laerskool Die Poort is 'n skool van uitnemendheid.

Ons leuse van "skouer aan die wiel" simboliseer dat ons streef na buitengewone hoë akademiese standaarde met Afrikaans as voertaal, en dan natuurlik gesonde prestasie in sport- en kultuuraktiwiteite.
Ons is dankbaar vir betrokke ouers en die wonderlike vennootskap wat ons met elkeen van hulle kan sluit.

Die personeel by Laerskool Die Poort is 'n span van liefdevolle, hardwerkende en lojale mense wat poog om elke leerder te help om nog kind te kan wees.

In vandag se aanslagte van die wêreld en al sy veranderinge, veral in die onderwys, staan Laerskool Die Poort glad nie terug nie en deur Christelike waardes en norme weet ons dat ons elke uitdaging sal kan hanteer en oorwin.
Ons pragtige uitslae op alle terreine getuig van goeie onderwys, trotse tradisies en 'n skool wat elke jaar streef om 'n kompeterende faktor in die onderwysmark te wees.



Elke kinde kry 'n geleentheid

Die ontspanne, landelike atmosfeer by ons skool is deel van ons identiteit. Elke kind kry geleentheid om te ontwikkel en te presteer binne hulle eie vermoëns.
Vir ons skool is gesonde waardes van respek, dissipline, selfdissipline, vriendelikheid, eerlikheid, opregtheid en deursettingsvermoë iets wat ons met trots uitleef en voorhou aan ons leerders. Hierdie waardes bring mee dat elke kind leer om ook trots te wees op hulself en om die omgewing waarin hulle funksioneer te respekteer en dan natuurlik; altyd in hulself te glo en te strewe na verbetering.

Die waarde van kindwees

Ons verwag van ons ouers, personeel en leerders om nog te droom, lag en huil sodat ons grootword kan geniet.

Om werklik deel te wees van hierdie wonderlike skool, sal jy jou skoene moet uittrek, sodat jou voete weer standvastig op die grond kan wees, die gras tussen jou tone kan inkrul en jy die waarde van kindwees kan waardeer en ervaar.